Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

1 November 2023
OB 38

Beste Ouers

Die jaar het 2 maande oor, waarvan slegs 6 weke skoolweke is. Die 3 weke wat vir gr. 4-7 oorbly voor die eksamen begin, is baie belangrik. Personeel is reeds besig om te praat oor eksamenwerk en om belangrike werk uit te wys, soos wat hulle die laaste leerinhoud van die kwartaal aanbied. Ek wens ons leerders sterkte toe met hul voorbereiding vir hierdie belangrike laaste assesseringsgeleentheid vir die jaar.

Vanaand, 1 November, tree die Senior Koor saam met Jak de Priester op by die N.G. Gemeente Robertson-Oos. Ek glo hierdie gaan ook vir ons koorlede 'n spesiale gebeurtenis wees.

Me. Wigmore was baie siek, maar is nou terug by die skool. Ons wens haar sterkte toe.

d6 connect

Sterkte vir die week wat voorlê.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 1 Nov	Kooroptrede saam met Jak de Priester (Robertson)
Vrydag, 3 Nov	Entrepreneurs (Prefekte) GF boeke huis toe Gr.R Kuierdag
Dinsdag, 7 Nov	Dogterskrieket (Wedstryd vs Robertson) (tuis)
Woensdag, 8 Nov	o. 13 Krieket (s) Bonnievale HS (tuis) Seniorburgerdag
Donderdag, 9 Nov	Ouer- begrotings en algemene jaarvergadering 18h30
Vrydag, 10 Nov	Gr.1V entrepreneurs Gr.6O klasuitstappie Gr.7 besoek Pre-primêr

Graad 6 kamp te Wemmershoek

Die graad 6 leerders het vanaf 25 tot 27 Oktober ‘n heerlike kamp gehad by Wemmershoek, net buite Franschoek. Met die aankoms het meneer Albert, van die Jeugtrust, hulle in groepe verdeel en het hulle heerlike ysbrekers en ander aktiwiteite gedoen. Daar is op naguitstappies gegaan, deelgeneem aan ‘n heerlike hindernisbaan en baie geleer oor alles van Fynbos tot bobbejane en luiperds. Dit is om maar net ‘n paar aktiwiteite te noem. Daar is ook baie min geslaap en baie lekker geëet. Die graad 6e het dit verskriklik baie geniet!

Bredasdorp Top 10

Laerskool Montagu het Vrydag, 27 Oktober deelgeneem aan die Bredasdorp Top 10 atletiekbyeenkoms. Altesaam 16 atlete het deelgeneem.

Naam	Van	Geslag	Ouderdom	Item	Uitslag	Plek
Jenö	Jacobs	S	12	75mH	11,07	1
Jenö	Jacobs	S	12	Verspring	5,01	1
Jenö	Jacobs	S	12	100m	11,90	1
Jenö	Jacobs	S	12	Hoogspring	1,57	1
Jenö	Jacobs	S	12	150m	18,15	1
Zack	Roos	S	13	Diskus	37,95	2
Zack	Roos	S	13	Gewigstoot	13,35	1

B A I E G E L U K M O N T I E S ! !

Monties in die Wynland Tennisspan

Baie geluk aan die volgende Monties wat verkies is tot die Wynland Tennisspan:

Sion Stemmet, Josua du Toit, Iva du Toit,

Lodewyk Beukes en Thys Venter.

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon ‘n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.